

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilige Gees se geesgenote nie

Ds. PJ Kriel

Pinksterpreek 03

20.05.2108

Inhoud Hierdie preek wys dat die Here Jesus aan ons die Heilige Gees gee om ons in te sluit in wie die Here vandag as mens in die hemel is. Daarom maak die Heilige Gees ons deel van die liggaam van die Here, dit is deel van wie Hy as mens in die hemel is. Die Heilige Gees deel met ons net wat Hy van Jesus as Here ontvang. Só maak Hy ons lede van die liggaam van die Here. Die nagmaal is die teken wat vir ons verseker wat die Heilige Gees met ons doen. In afgodsdienste glo mense dat hulle geesgenote van God se goddelike gees word omdat hierdie goddelike gees hulle in die lewe, die krag en mag van God self laat deel. Wanneer mense geesgenote van hierdie gees van afgodery word, is die nagmaal nie meer 'n teken dat jy lid van die liggaam van die Here is nie, ingelyf in sy menswees in die hemel is nie. Die nagmaal word in die gees van afgodsdienste 'n geestelike ete met God waarin mense hulle geesgenootskap met God in 'n godemaaltyd met God vier. Daarmee saam word daar nuwe tekens soos die bekeringsdoop, die spreek in tale en die lag en val in die gees as nuwe sakramente ingestel: tekens dat jy 'n geesgenoot van God en, nie meer Christus nie, maar hierdie gees jou Here is.

Liturgie: 1. Ps. 23: 1,2,3; 2. Lied 297 1,2,3, 3. Lied. 478 1,2,

Skriflesing Johannes 14: 15 -20; 16: 5 – 14; 1 Korintiërs 11: 23 – 29; 12: 12 – 14; Rom. 6: 3- 8

Teksvers Joh. 16: 14 Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig

Tema Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilige Gees se geesgenote nie

1. Maak die Heilige Gees ons lidmate van die liggaam van Christus of maak die Heilige Gees ons sy geesgenote?

Dit is die vraag waarmee ons die gawe van die Gees wat die Here ons gee kan ontdek! Die voorbeeld waarmee ons die boodskap van vangoggend mee gaan ontsluit is die nagmaal. Dit is juis die doel van die nagmaal, om vir ons 'n tasbare duidelik teken te wees van wat die Heilige Gees met ons doen.

Christus stel dit helder en duidelik aan sy dissipels dat die Heilige Gees alles wat Hy aan ons verkondig van Christus ontvang. Hierdie woord “verkondig” wys dat die wyse waarop die Heilige Gees werk, is deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus. Dit is hoe die Heilige Gees werk – deur die evangelie van Jesus wat gepreek word en geleer word.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Daarom het die uitdrukking “verkondig” ook die betekenis van deel maak. Die verkondiging van die evangelie is nie sommer maar net praatjies en stories oor Jesus nie. Die prediking van die evangelie van Jesus is die wyse waarop die Heilige Gees ons laat deel in wie Jesus Christus vir ons is.

2. Die Heilige Gees laat ons deel in alles Hy van Christus ontvang.

Die Heilige Gees het niks anders om vir ons te gee as wat Christus vir Hom gee nie. Dit wat Christus vir die Heilige Gees gee om ons van deel te maak is ook nie sommer net presente en goed waarvoor ons wens nie.

Die Heilige Gees verheerlik Christus. Dit beteken alles wat die Heilige Gees ons in laat deel, wat Christus vir Hom gegee het om met ons te deel, maak Christus Here! Die Heilige Gees maak nooit Homself Here nie. Die Heilige Gees maak Christus Here in en deur alles wat Hy ons in laat deel.

Daarom kan ons die vraag waarmee ons begin het ook op 'n ander manier vra: maak die Heilige Gees Homself Here van ons lewe, of maak Hy Jesus Christus Here van ons lewe?

Hierdie antwoord is maklik binne ons teksvers: die Heilige Gees maak Jesus Christus Here in en deur alles wat Hy van Jesus ontvang om aan ons mee te deel.

Daar is niks wat die Gees ons gee of in laat deel wat Hom Here laat wees van ons lewe nie. Daar is niks waarin die Heilige Gees ons laat deel wat Hy self is of het nie. Hy verkondig en deel net wat Hy ontvang. Die Heilige Gees het niks om self aan ons te gee wat Hy nie van Christus ontvang het nie.

Wat Hy van Christus ontvang, laat Hy ons in deel.

3. Wat ontvang die Heilige Gees van Christus wat Hy ons in laat deel?

Dit wys die Here ons met die teken van die nagmaal.

Die Here gee vir ons die tekens van brood en wyn. Hierdie tekens noem die Here dan sy bloed en liggaam, met die toeseerings: “Die Here Jesus het in die nag waarin Hy verraai is brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam vir julle.” en ook “Hierdie beker is die nuwe verbond deur my bloed”

Met die tekens van brood en wyn wys die Here dat sy liggaam as mens in die hemel is dit wat Hy aan die Heilige Gees gee om ons in te laat deel. Sy liggaam as mens in die hemel is wat die Heilige Gees van Christus ontvang en ons in laat deel.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Daarom stel Paulus dat die enigste wyse waarop jy die tekens van die nagmaal kan gebruik, is om die liggaam van die Here te onderskei, bedoelende in die tekens van die brood en die wyn. Jy kan net die brood en wyn ontvang en gebruik, wanneer jy dit ontvang as tekens dat die Heilige Gees jou insluit en laat deel in wie Jesus as mens vandag in die hemel is.

Want dit is wat Christus vir die Gees gee. Dit is wat die Gees van Christus ontvang. Dit is waarin die Heilige Gees ons laat deel – dit wat vir ons met die brood en wyn gewys word: die Here se liggaam as mens in die hemel.

4. Dit is hoe Jesus dit self in Johannes 14 vir sy dissipels verduidelik het. Die Here sê net voor sy kruisiging en opstanding dat die wêreld Hom nie meer sal sien nie. Bedoelende dat hulle Hom nie as mens sal sien nie, maar dat sy dissipels Hom sal sien omdat Hy leef en hulle sal lewe. Dit beteken dat die Here weer as mens sal leef net soos ons dit met Paassondag gevier het en dat Hy vandag mens in die hemel is, net soos ons dit met Hemelvaart herdenk.

Ons wat lewe, beteken dat ons die lewe wat Hy as mens geleef het en nou nog steeds leef, met Hom deel. Dit is wat dit beteken dat Hy in die Vader is, en ons in Hom is en Hy in ons. Ons deel die lewe van die Here as mens in die Hemel.

Ons sien dat ons die lewe wat die Here vandag as mens in die hemel leef met Hom deel – daarom word ons as kerk van die Here, die Here se liggaam genoem.

Paulus stel in 1 Korintiërs 12: 13 “En ons is tog álmal deur die een Gees gedoop in een liggaam – Jode of Griek, slawe of vrymense – ons is almal met een Gees deurdrenk.”

Die kerk is die liggaam van die Here omdat ons ingesluit is deel het in die menslike liggaam van die Here in die hemel. Ons is ingesluit in wie die Here as mens vir ons en in ons plek is.

Dit is die liggaam wat ons moet raaksien wanneer ons die tekens van die brood en die wyn ontvang – die menswees van Jesus in die hemel.

Daarom wys die brood en wyn is ons lidmate van die liggaam van die Here in die hemel. Ons deel alles wie Hy is omdat die Heilige Gees Hom so ontvang en so in Hom laat deel.

5. Paulus sê in 1 Korintiërs 11: 26 dat wie die brood en wyn ontvang en eet en drink as tekens dat hulle verenig is met die Here as mens in die hemel, verkondig die dood van die Here totdat Hy kom.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Hier kry ons presies weer die betekenis van die woord “verkondig” by Paulus as die woord “verkondig” in Johannes 16. Verkondig beteken dat deur die nagmaal te gebruik, wys jy dat jy is ingesluit en deel van wie die Here in die hemel as mens is.

Wat wys jy wanneer jy die brood en wyn van die nagmaal eet en drink?

Jy wys daarmee dat jy deelgemaak is van wie die Here as mens in die hemel is en alles met Hom deel. Jy wys dat die Heilige Gees aan jou Christus “verkondig” het, dat die Heilige Gees jou ’n lidmaat van die liggaam van Jesus Christus gemaak het.

6. Wat deel jy met Christus wanneer die Heilige Gees ontvang wat Christus gee en jou insluit in wat Christus gee?

Dit sien ons duidelik in gedeeltes soos Romeine 6!

In 1 Kor. 12: 13 stel Paulus dat die Gees ons doop in een liggaam, die mens Jesus Christus in die hemel. Dit is wat die Heilige Gees doen – indoop en deel maak. En wanneer Hy ons in Christus indoop, doop Hy ons in die dood, die begrafnis, die opstanding en die lewe wat Christus vandag as mens leef in.

Ingedoop in Christus beteken Syne is myne en myne is Syne.

- Die dood waarmee Hy gestraf is, is my straf vir my sonde en daarom sal ek nooit self vir enige sonde ooit gestraf word nie.
- Die graf waarin Hy as vyand van god in begrawe is, sal ek nooit in begrawe word nie want Hy het al God se vyandskap teen my met sy begrafnis
- Die manier waarop Hy as nuwe mens uit die dood uit opgestaan het om weer in God se guns en liefde op te staan, beteken dat ek self nooit as nuwe mens moet opstaan nie, Hy laat my in sy nuutheid deel en
- Die lewe wat Hy vandag as mens vir God heilig en reg leef, is ’n lewe wat ek self nooit hoef te leef nie omdat ek Syne deel in my lewe.

Dit is wat die Heilige Gees van Christus ontvang en waarin die Heilige Gees ons laat deel, op so wyse dat wanneer ons die brood en wyn as tekens eet en drink, dat ons daarmee glo en bely dat ons ingesluit is en deel in wie Jesus Christus as mens vir ons in die hemel is.

Ons in wat die Heilige Gees van Christus ontvang en ons glo in wie die Heilige Gees ons insluit en alles wat Hy ons in laat deel.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Dit is hoe ons die dood van die Here verkondig wanneer ons die brood en wyn eet en drink – ons glo dat die Heilige Gees ons laat deel in sy strafdood sodat ons deel is van die nuwe lewe sonder straf wat die Here ons vandag in laat deel.

Ons is ingesluit in sy liggaam as mens in die hemel en daar is ons lidmate van die liggaam van die Here. Dit is wat die Heilige Gees ons laat wees: lidmate van die liggaam van die Here.

7. Die Heilige Gees maak ons lidmate van die liggaam van die Here!

Dit is ook hoe die Heilige Gees Jesus verheerlik. Dit beteken dit is hoe die Heilige Gees Jesus laat Here in ons lewe wees.

Hy laat Christus die Here wees wat ons só regeer: Syne is myne en myne is Syne! Dit is nuwe regeringswyse van die Here!

- Hy regeer ons nie deur straf nie, maar deur sy dood ons sy straflose kinders te laat wees. Strafloze kinders wat Hom uit liefde en nie meer uit vrees dien nie.
- Hy regeer ons nie deur ons voor die eis te stel om sy vyandskap te voel as ons nie doen wat Hy sê nie, maar sy vyandskap teen ons in Christus te begrawe sodat ons altyd ons sondes kan bely en daarteen kan stry terwyl ons vrede het met God!
- Hy regeer ons nie deur die eis om nuwe mens te word nie, maar ons in die nuutheid van Christus te laat deel wat ons self nooit kan wees nie.
- Hy regeer ons deur ons en ons liefde vir Hom heilig en reg te maak, sonder dat ons dit ooit so kan uitleef.

Dit is hoe die Heilige Gees Christus verheerlik! Hy laat ons deel is wie Christus is wat in ons plek as sondaar behandel is, sodat ons altyd deur God as sy geliefde kinders behandel word. (2 Kor. 5: 21)

Daarom word die Nagmaalsbeker deur die Here self ook genoem “die beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is” Die nuwe verbond is die Abrahamsbelofte waarna ons in die vorige preke gekyk het. Die Here onderneem om vir ons god te wees en ons sy volk te laat wees; om ons vry van afgodsdienste te maak en van sonde te reinig; om vir ons die wet so te laat werk dat ons met ’n nuwe hart weer die Here se gebooie kan gehoorsaam en om sy liefde en genade as God in ons te gee.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Deur sy bloed beseël beteken dat omdat die Here my sonde Syne maak en sy gehoorsaamheid myne maak, maak Hy my deel van sy verbond. Dit is hoe God Jesus Christus ons nuut regeer.

8. Dit is ook wat die nagmaal ons wys: ons is lidmate van die liggaam van die Here.

Dit is die aksent van die sin van Paulus in 1 Kor. 11: 29: "Want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself."

Die nagmaal wys ons hoe is Jesus Christus die Here! Dit beteken hierdie tekens wys ons hoe is Christus God vir en met ons! Hy is Here deur ons ons plek as sondaar behandel te word sodat ons God kan liefhê sonder vrees vir straf, veroordeling en verwerping.

Dit is wat die Heilige Gees met hierdie brood en wyn doen, Hy laat ons deel wees van die nuwe wyse waarop God Here is vir sondaars – deur ons in te sluit in wie die Here as mens in ons plek is.

Daarom kan 'n mens net hierdie tekens ontvang en gebruik in die geloof in die nuwe wyse waarop God Here van sy verbons is – deur die evangelie en nie meer deur die wet nie. Want die liggaam van die Here word regeer deur hulle eenheid met sy liggaam, nie met die eise van die wet nie.

Wie die wyn en brood eet en drink as die eenheid met Jesus se menswees in hulle plek in die hemel, aanvaar Christus as Here van die verbond van God!

9. Die Heilige Gees maak ons nooit sy geesgenote nie!

Wat is geesgenote?

Geesgenote is wanneer persone een persoon, een lewe, een wil ,een krag en een mag het. Daarvoor moet jy jou eie persoon, eie lewe, eie wil, eie krag en mag opgee sodat jy en jou geesgenote opgaan in mekaar om met mekaar verenig te wees in persoon, lewe, wil krag en mag.

Die kinders!

Jy en jou ouers kan nooit geesgenote word nie. Want hulle het hulle eie lewe, persoon, wil en krag as jou ouers en jy het jou eie as hulle kind. Jy kan met hulle saam leef as kind, hulle wil gehoorsaam wees, en met jou krag doen wat hulle vir jou sê om te doen. Dit maak julle ouer en kind, 'n gesin, maar nooit geesgenote nie.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Jy en jou boeties en sussies kan ook nie regtig geesgenote wees nie. Want hulle het hulle eie lewe, persoon, wil en krag wat anders is as joune. Dit is hoekom julle so baie baklei.

Geesgenote – is vriende wat 'n bende is, kamerade is. Om kamerade te wees, moet jy jou eie lewe, jou eie persoon, jou eie wil en eie krag opgee om deel te word van die lewe, die wil en krag van die bende, kameraadskap is.

Dit is wat geesgenote is!

10. Mense glo dat God se Gees maak hulle God se geesgenote!

Om 'n geesgenoot van God te word moet jy jou eie lewe, eie persoon, eie wil, krag en optrede opgee as 'n offer en dan glo hulle word jy een met die lewe, persoon, wil en krag van God.

Wanneer jy jou eie menslike lewe en krag opgee, dan glo mense kom hierdie gees van God en verenig hierdie gees van God jou met wie Hy is en wat Hy doen. Dan is God se lewe jou lewe, sy persoon jou persoon, sy wil jou wil en sy krag jou krag en doen julle een ding saam!

- Wanneer jy hierdie gees van God se geesgenoot is, dan leef jy nie meer self jou eie menslike lewe nie. Dan leef jy as geesgenoot van God die goddelike lewe van God met God!
- Wanneer jy hierdie gees van God se geesgenoot is, dan het jy nie meer jou eie menslik wil nie. Dan is God se goddelike wil jou eie wil.
- Wanneer jy hierdie gees van God se geesgenoot is, dan leef jy ook nie meer met menslike krag nie, maar met die goddelike krag van God self.
- Wanneer hy hierdie gees van God se geesgenoot is, dan is dit ook nie meer jy wat as mens besluite neem en optree nie, maar is die God se besluite en optredes wat deur jou gebeur.

11. Wat op hierdie Nagmaalstafel wys jou dat jy God se geesgenoot is?

- Die brood is tekens dat Jesus Christus vandag 'n mens van vleis in die hemel is
- Die wyn is teken dat Jesus Christus vandag mens van vleis en bloed, net soos ons, in die hemel is.
- Wanneer ons die brood en wyn eet en drink is dit 'n teken dat die Heilige Gees ons insluit en laat deel in wie die Here as mens in die hemel is.
- Om 'n lidmaat van die liggaam van die Here te wees, beteken dat Christus jou op 'n nuwe manier regeer – deur die beker van die verbond, dit is, deur die Abrahamsbelofte vir jou waar te maak in jou lewe.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilige Gees se geesgenote nie

Daar is niks op hierdie tafel en daar gebeur niks wanneer ons hierdie teken van die Here gebruik, wat vir ons wys ons is geesgenote van God nie.

Alles in hierdie teken wys ons, ons is lidmate van die liggaam van die Here, ons is ingesluit in wie die Here as mens in die hemel is. Niks in die nagmaal wys dat ons God se geesgenote is – deel is van sy goddelike lewe, sy goddelike krag, sy goddelike wil en optredes nie.

Daarom soek geestelikes altyd na nuwe tekens wat vir hulle kan wys dat hulle geesgenote van die Heilige Gees is. Die doop en nagmaal as tekens dat jy deel is van die liggaam van die Here is vir hulle sonder betekenis. Daarom maak hulle altyd nuwe tekens of sakramente op om te wys dat hulle geesgenote van god se goddelikheid is.

- Een van hulle nuwe tekens is die sogenaamde bekeringsdoop. Dit is 'n nuwe tipe doop waarmee jy wys dat jy soos Jesus alles gedoen het wat Hy met sy lyding en opstanding gedoen het, sodat jy kon deel word van God se goddelike gees binne in jou. Hierdie nuwe tipe waterteken wys jy is 'n geesgenoot van God.
- Nog so nuwe teken is die sogenaamde spreek in tale. Met brabbeltaal wys jy dat jy 'n geesgenoot van God geword het, want die doop en nagmaal kan dit nie regtig vir jou wys nie.
- 'n Nader teken is die lag-en-val in die gees. Deur histories te lag en onderstebo te val is die geestelikes 'n teken dat jy nou 'n geesgenoot van god geword het.

Elke dag is een of nader nuwe geestelike besig om sy eie tekens uit te dink waarmee mense moet wys dat hulle God se geesgenote is. Vir hierdie mense wys die doop en nagmaal nie wie die Heilige Gees is en wat Hy vir ons doen nie.

12. Dit bring ons dan voor die werklike saak: wie is die Here?

Is Jesus Christus die Here of is die Heilige Gees die Here?

Die antwoord is baie maklik. Die Een aan wie jy behoort is die Here en die Een aan wie jy behoort is die Een wat wie Hy is met jou deel.

Wat wys die tekens van die Nagmaal ons? Dit wys ons dat Jesus sy liggaam met ons deel. Hy deel met ons wie Hy as mens vandag in die hemel is. Hy is die mens wat gely het, gekruisig was, gesterf het en as sondaar begrawe was. Hy is vandag die mens wat volkome heilig en reg vir God leef.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Hy sluit ons in en deel ons met alles wie Hy as mens is en wat Hy as mens in ons plek vir ons gedoen het: daarom is ons ingedoop in Christus. Omdat ons ingesluit is deel het aan die liggaam van die Here, behoort ons aan Hom.

En hierdie gees van God wat ons God se geesgenote maak? Waaraan laat hierdie gees ons deel?

Hy laat ons deel in die goddelike lewe, persoon, wil en krag van God! Dit is tog heeltemal iets anders as die liggaam van die Here as mens in die hemel! Jesus laat ons nooit deel in sy goddelike lewe en krag nie. Dit sien u in die Nagmaal – ons deel in sy liggaam as mens, nie sy goddelike lewe en krag nie.

Só!

As hierdie goddelike gees jou in God se goddelike lewe en krag laat deel, wie is jou Here? Dan is hierdie goddelike gees jou here! Want jy behoort aan hom by wie jy ingesluit is en wie homself met jou deel!

Wanneer jy 'n geesgenoot van die gees van God is, is die gees jou Here, nie Jesus Christus nie.

13. Wat word Jesus wanneer jy God se geesgenoot word in jou lewe?

Hy kan nie meer jou Here wees nie, want jy behoort aan die Gees, nie aan Christus nie. So as Jesus nie meer die Here is nie, wie is Hy?

En dit sien ons in die nuwe Nagmaal wat orals in die land gevier word – die nagmaal as 'n maaltyd met God self. Die nagmaal as godemaaltyd. In hierdie geestelike feeste word die nagmaal 'n ete saam met God. Dit is 'n feesmaal saam met God en dan word die tekens van brood en wyn iets heeltemal anders: dit word tekens dat jy jouself soos Jesus opgeoffer het om 'n geesgenoot van God te word.

Jy het jouself en jou menslike lewe en wil soos Jesus gekruisig en doodgemaak om 'n geesgenoot van God te word. Daarom is die brood en wyn tekens van jou offer om saam met God sy goddelikheid te vier.

Waar kry u dit in die Nagmaal wat die Here ingestel het? Die brood en wyn is tekens van wat jy met jouself moet doen om 'n geesgenoot van God te word?

14. Watter ontdekking moet u vanoggend in die Nagmaal maak?

Met hierdie Nagmaal vier ons vanoggend Pinksterfees. Die fees van die gawe van die Heilige Gees aan die kerk van die Here. U moet die ontdekking maak wie is die

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Heilige Gees wat Christus aan sy kerk gegee het en wat is hierdie gees wie ons sy geesgenote maak!

Die Heilige Gees is die Gees wat Christus aan sy kerk gegee het. Die nagmaal is die teken wat ons wys wie is die Heilige Gees. Hy is die Gees wat alles van Christus ontvang en alles wat Hy van Christus ontvang deel van ons maak en ons by insluit.

Die Heilige Gees is die Gees wat Christus se liggaam van vleis en bloed, soos die brood en wyn vir ons wys, ontvang en ons in laat deel. Hy sluit ons in in wie Jesus as mens in die hemel vir ons in ons plek is.

Die Heilige Gees is die Gees wat ons in hierdie vereniging met die Here in sy menswees laat leef: Syne is myne en myne is Syne!

Die Heilige Gees is die Gees van die nuwe verbond wat deur die Here se bloed beseël is: Ek sal julle god wees en julle sal nie My geesgenote wees nie, julle sal my kinders wees.

15. Watter gees in die gees wat ons geesgenote van God maak?

Watter gees is die gees wat Homself Here van ons lewe maak en maak dat ons aan die gees behoort en nie meer aan Jesus Christus behoort nie?

Paulus wys dit duidelik uit in 1 Korintiërs 10: "Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van beseë geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van beseë geeste nie. Of wil ons die Here uittart? Is ons miskien sterker as Hy?

Die gees wat ons geesgenote van God maak is gees van afgodery!

Dit is wat vandag met Pinkster wêreldwyd gebeur! Fees van God se feesgenote wie die gees Here is en nie Christus nie. Wie Jesus nog net die voorbeeld is hoe om 'n geesgenoot van God te word!

Kom ons erken die Heilige Gees en verwerp hierdie beseë gees van afgodsdienste! Die Heilige Gees ontvang van die Here Jesus Christus wat Hy vir ons in laat deel: Hy laat ons deel in wie die Here as mens vir ons in die hemel vandag is. Hy maak ons lede van die liggaam van die Here.

Kom ons verwerp die gees van afgodery waar Jesus net ons voorbeeld is om met onself te doen wat Hy gedoen het met sy geboorte, lyding, kruisiging, dood, opstanding en hemelvaart asof dit Hom 'n geesgenoot van God se goddelikheid gemaak het.

Die Heilige Gees maak ons lidmate die liggaam van Christus, nie die Heilie Gees se geesgenote nie

Die nagmaal is die teken waarmee Hy ons wys wie Hy is en wat Hy vir ons doen. Die nagmaal is nie 'n maaltyd met God, 'n godemaal met God van hulle wat saam met God hulle eie goddelikheid vier nie. Die Heilige Gees versterk ons net met 'n teken van 'n ete om te glo ons is lede van die liggaam van die Here. Die Heilige Gees is nie ons Here wat in die nagmaal sy goddelikheid met ons vier, asof dit 'n geestelike ete met God is nie.